HOËRSKOOL ALBERTON

Posbus 71
Alberton
1450

Tel: 011 869 7224
011 869 7225
Faks: 011 869 7282
E-Pos: hsalberton@global.co.za

Hoërskool Alberton

SEDERT 1948

Geagte Ouer/Voog

6 November 2018

INSAKE: SKOOLGELD 2019

Tydens die Algemene Jaarvergadering gehou op 18 Oktober 2018 is die volgende resolusies goedgekeur:

1. Eerste skoolgeldpaaiement

- `n Eerste skoolgeldpaaiement (administrasie) van R1 000 is betaalbaar voor 31 Desember 2018.
- Hierdie paaiement is vir alle grade en sluit in nuwe leerders en leerders wat kwalifiseer vir korting / subsidie.
- Hierdie paaiement is aftrekbaar van die skoolgeld vir 2019.

2. Skoolgeld

2.1 Graad 8 – 2019

- Skoolgeld betaalbaar vir 2019 is R19 100 + R250 leesprogram = R 19 350
- Die skoolgeld sluit handboeke in.
- Ouers moet voorsiening maak vir ander kostes soos byvoorbeeld: skoolklere, busgeld, skryfbehoeftes, matriekafskeid, kampe, uitstappies, funksies en sportklere.

2.2 Graad 9-12 vir 2019

- Skoolgeld betaalbaar vir 2019 is R19 100.
- Die skoolgeld sluit handboeke in.
- Ouers moet voorsiening maak vir ander kostes soos byvoorbeeld: skoolklere, busgeld, skryfbehoeftes, matriekafskeid, kampe, uitstappies, funksies en sportklere.

3. Betalingsopsies

3.1 Gr 8

Die volgende betalingsopsies bestaan:

- Die balans van R18 350, nadat die R1 000 administrasiefooi betaal is, moet in 10 gelyke paaiemente per maand vereffen word. (Vanaf einde Januarie 2019).
- Indien die skoolgeld voor 28 Februarie 2019 ten volle vereffen is, sal `n korting van 8% toegestaan word.

3.2 Gr 9-12

Die volgende betalingsopsies bestaan:

- Die balans van R18 100, nadat die R1 000 administrasiefooi betaal is, moet in 10 gelyke paaiemente per maand vereffen word. (Vanaf einde Januarie 2019).
- Indien die skoolgeld 28 Februarie 2019 ten volle voor vereffen is, sal `n korting van 8% toegestaan word.

4. Handboekgeld

- Daar is geen aparte handboekgeld betaalbaar nie, dit is ingesluit by die skoolgeld.

5. Agterstallige skoolgeld

- Indien enige paaiement of ander betaling nie op die betaaldatum daarvan gemaak word nie, sal die volle uitstaande bedrag sonder verdere kennisgewing onmiddellik betaalbaar wees.

6. Leesprogram

- Vanaf 2019 het die graad 8 leerlinge 'n verpligte leesprogram. Dit sal gedurende een van hulle Afrikaanse periodes in die rekenaarsentrum aangebied. Die ekstra koste verbonde daaraan is R25 per maand vir 10 maande. (R250 per jaar)

Dr J. JORDAAN
Skoolhoof